BETHESDA BESTUUR.

Notule van 'n vergadering van die Bestuur gehou in die Kerkkantoor, Pretoria, op 28 April 1936.

Teenwoordig: Ds. J.M.Louw (Voors.) Die Saakgelastigde en die Sendingsekretaris, En Eerw. C.L.Brink(Supt).

Die Voorsitter open die Vergadering met gebed. Die notule van die vorige vergadering word gelees en goedgekeur.

Skuldbewys P.J.Viviers: Eerw. Brink rapporteer dat die Heer Viviers nog niks gedoen het nie aan die geboue op Bethesda, wat hy belooof het om voor 30 April te voltooi. Die verstandhouding tussen die Bestuur en hom was dat as hy die werk voor 30 April 1936 aflewer, die skuldbewys vir £270, wat hy gegee het, vernietig sou word.

Die Bestuur besluit die Bewys aan die Firma Roux en Jacobs te oorhandig vir invordering.

Met die oog op die feit dat die Heer Viviers klaarblyklik nie van plan is die werk wat hy onderneem het om te doen te voltooi nie, besluit die Bestuur dit aan die Bou Kommissie op te dra, die nodige materiaal op die mees voordelige manier aan te koop, en 'n ander persoon te vind om die werk te doen wat gespesifiseer is op die Bewys deur die Heer Viviers gegee.

Jongens Koshuis: Aan die Bou Kom. word opgedra, 'n Jongens Koshuis op die mees voordelige manier te laat bou, op die plan van die Meidjies Koshuis, maar met weglating van die Westelike gebou, (tans deur die dames bewoon). Hierdie Koshuis,(met Kombuis ens. kompleet), sal regteenoor die meidjies koshuis staan, aan die oorkant van die terrein, en presies haaks met die meidjies koshuis.

Met 'n oog op hierdie bouwerk sal die Heer B.J.Hofmeyr gevra word te dien op die Bou Kommissie saam met die ander lede.

Meubelment en benodighede vir meidjies koshuis en Dames Tehuis word opgedra aan die Saakgelastigde en die Sendingsekr. om al die gevraagde benodighede vir hierdie gebou aan te koop, insluitende rakke, tafels, stoof, stoele, enamel-gereedskap, mouskietdraad ens. Met goedkeuring van die Saakgel. en Send. Sekr. kan die Supt. van die benodighede op Pietersburg aankoop, as dit op voordelige wyse kan geskied.

Wa: Die Send.Sekr. sal probeer die Nkonjaan Stasie wa vir Bethesda te verkry. Die Supt. kry opdrag 'n span van 14 donkies aan te koop. Die leerlinge sal die trekgoed maak. Die Send.sekr. sal 'n beroep doen op vriende van die Sending om melkkoeie of verse aan die Inrigting te gee.

Die Supt. kry verlof 'n draad kamp te laat maak. Die Sin. Send. Kom. sal gevra word uiteindelik die koste van die kamp te dra - waarskynlik omtrent £25. Dit word verwag dat die leerlinge sal help met die maak van die kamp.

Die bestuur keur goed dat 'n kliniek agter aan die garage van die Prins. gebou sal word, groot 12X15 vt. Die gedagte is dat hierdie kliniek later sal dien as buitegebou by die Prinispaalswoning.

Die Heer D.S.A.v.d.Spuy, Prinispaal,vra of hy nie uit die huurgeld wat hy moet betaal vir sy woning (£4 p.m.) mog gebruik vir die aankoop van materiaal, waarmee hyself 'n veranda aan sy woning sal sit. Die bestuur stem toe dat hy die materiaal in waarde nie te bowegaande huurgeld van 15 Jan. tot 30 Junie1936 vir daardie doel mag aankoop soos gevra.

Verder besluit die Bestuur aan Mnr. D.S.A.v.d.Spuy uit te betaal £10:10:0 wat hy bestee het aan 'n stoof vir sy huis, en die £4:10:0.

Aan die Send.sekr. word opgedra, applikasies te vra vir die betrekking van Matrone vir die Koshuis, wat ook industriële instruktriese sal wees en sorg vir die losies van die dames, teen 'n salaris van £100 per jaar. plus inwoning